# DIE BERLYNSE SENDING EN "APARTHEID" IN SUID-AFRIKA*

**Werner van der Merwe**
*Universiteit van Suid-Afrika*

*SUMMARY*

The Berlin Missionary Society and 'Apartheid' in South Africa

It is interesting to note that over the last two centuries Churches and Missionary Societies have taken the lead in denouncing the South African policies of segregation and apartheid. What seems strange, however, is how little of this criticism has come from German Lutherans, despite the fact that they were amongst the earliest pioneers of mission work in South Africa. This article examines the reasons why one specific German Lutheran denomination, the Berlin Missionary Society which arrived in South Africa in 1834, only officially denounced apartheid as a theological heresy in 1967.

For over a century the Berlin missionaries not only supported racial segregation, but in fact played an important role in advancing the very ideas on which the South African government based its greatest experiment of total racial separation - apartheid.

This article examines the reasons for the Berlin Missionaries' co-operation with the different South African governments in promoting racial segregation. It is pointed out that under the influence of the famous 19th century missiologist Gustav Warneck, German Protestant Missions strove to convert entire tribes rather than individuals. By so doing they aimed at establishing so-called "national churches" (*Volkskirchen*).

Unlike most Anglo-Saxon missionary societies the Germans wanted to transform traditional African societies in such a way that Christianity would be rooted in the "blood and soil" (*Bodenständigkeit*) of traditional society. This was a near impossible task, because by the beginning of the 20th century rapid westernization and urbanization meant that most African societies were already in an advanced stage of disintegration. In practice it meant that in order to succeed the missionaries would have to halt an inevitable process.

In order to achieve their aim of establishing *Volkskirchen* the missionaries viewed segregation, which to their way of thinking would preserve traditional society (*Volkstum*), as the only guarantee against total detribilization. From at least 1908 onwards the Berlin missionaries eagerly supported the segregation policies of South African governments.

It is further pointed out that the missionaries, and sons of missionaries such as W.W.M. Eiselen, encouraged practices based on separateness. For example the missionaries stressed the use of the venacular as the medium of education for Africans and they also wanted an educational system "more in accor-

*Voordrag gelewer op uitnodiging van die Departement Geskiedenis aan die Ruhr-Universität, Bochum op 19 Junie 1986.

dance with African customs and traditions". In short the Berlin missionaries followed a mission policy which was so similar to the apartheid policy implemented after the Nationalist takeover in 1948 that they refused to condemn even the most controversial apartheid laws such as the Prohibition of Mixed Marraiges Act (1948) and the Bantu Education Act (1953).

As a result of Germany's experience during the Third Reich and Hitler's naked and brutal racism the board of the Berlin Society did in fact admit that the idea of a *Volkskirche* was inadequate, dated and even unbiblical, but in spite of this the board refused to denounce apartheid publicly in fear of placing the future of the Mission Church in jeopardy. The older generation of missionaries in particular, stubbornly refused to see anything wrong or even sinful in Eiselen and Verwoerd's policies. It was only in 1967 that the Berlin Missionary Society publicly denounced apartheid as an inhuman policy and totally irreconcilable with Christian beliefs.

## Inleiding

Van die grootste kritici van die Suid-Afrikaanse rassebeleid die afgelope twee eeue was geestelikes van verskillende kerk- en sendinggenootskappe. Gedurende die negentiende eeu was dit veral sendelinge van die Londense Sendinggenootskap (Johannes van der Kemp, John Philip en David Livingstone) wat die lot van die Nie-Blankes teen die Blankes beskerm het. Ook in die twintigste eeu was dit hoofsaaklik geestelikes (Trevor Huddleston, Joost de Blank, Ambrose Reeves, Beyers Naudé, Desmond Tutu, Allan Boesak en nog vele ander) wat hulle teen die diskriminerende Suid-Afrikaanse rassebeleid verset het. Wat egter opvallend is, is hoe weinig protes daar teen die landsbeleid van die kant van Duitse Lutherane gekom het. Dit was maar eers teen die sestiger- en sewentigerjare dat daar van Lutherse kant teen die apartheidsbeleid kritiek gelewer is.

Die vraag ontstaan watter standpunt die Berlynse Sendinggenootskap, een van die oudste Lutherse denominasies in Suid-Afrika, teenoor die landsbeleid, maar veral teen die apartheidsbeleid soos dit na 1948 ontplooi het, ingeneem het. Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet daar eerstens na die voorwaardes gekyk word waaronder die sendelinge teen die helfte van die vorige eeu tot die onafhanklike Boererepublieke, veral die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), toegelaat is, en tweedens na die doelstellings wat hierdie sendinggenootskap en sy sendelinge nagestreef het.

Met die stigting van die "Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden" (in 1908 is die benaming na "Berliner Missionsgesellschaft" verkort) op 29 Februarie 1824 wou 'n vooraanstaande groep Pruisiese kerk- en staatsleiers deelneem aan die groot kersteningsproses wat later as die "sendingeeu" bekend gestaan het.[1] Toe hulle tien jaar later die eerste vyf sendelinge na Suid-Afrika uitstuur, het die komitee van die genootskap nog oor geen vaste beleid van kerkstigting of gemeentevorming beskik nie. Al wat hulle wou doen, "was om enkele siele vir die Lam te wen".[2]

Met die doel om "heidene" in "donker Afrika" te bekeer, het die "sendbodes"

---

Kyk M. Wright, *German Missions in Tanganyika 1891—1941: Lutherans and Moravians in the Southern Highlands* (Oxford, 1971), p. 3; S. Neill, *A History of Christian Missions* (Penguin Books, 1964), p. 194.

2. G. Rosenkranz, *Die christliche Mission: Geschichte und Theologie* (München, 1977), p. 198.

van die Berlynse Sending in 1834 in Suid-Afrika aangekom. Gaandeweg het hulle stasies gestig in die Transgariep (later die Boererepubliek Oranje-Vrystaat) en die Britse kolonies Kaap en Natal. As goeie negentiende-eeuse Lutherane het die Berlynse sendelinge hulle geredelik aan die staatsgesag van hulle nuwe aangenome land onderwerp en onderneem om die landswette te eerbiedig.

Teen 1860, die jaar waarin die Berlynse Sending sy rykste sendingveld, Transvaal, betree het, was die sendelinge reeds lank daarvan bewus dat die Blankes, veral die Boere, enige vorm van gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank teengestaan het. Hulle het ook geweet dat die Boere in groot getalle die Kaapkolonie verlaat het onder meer omdat die Britte, so het die Afrikaanse grensboere gevoel, onder die invloed van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, veral die bekende dr. John Philip, gelykheid voor die wet (byvoorbeeld Ordonnansie 50 van 1828) ongeag ras of kleur erken het. Boonop het Brittanje in 1834 slawerny in die Britse Ryk afgeskaf. Die vrygestelde slawe was voortaan in beginsel op 'n gelyke voet met die Blankes geplaas. Die Boere het hulle teen hierdie gelykheidsbeginsel verset en dit as een van die redes aangevoer waarom hulle die Kaapkolonie verlaat, (Groot Trek) en in die binneland onafhanklike republieke gestig het.[3]

Oor die algemeen het die Boere die Swartes as "houtkappers" en "waterdraers" beskou. Gevolglik was hulle vasberade om binne die grense van hulle nuut gevonde state hoegenaamd geen gelykheid tussen Blank en Swart te duld nie. Sendelinge wat hulle beywer het om die regte van die Nie-Blankes te beskerm, is eenvoudig nie toegelaat om in die Boererepublieke sendingwerk te doen nie.

In Transvaal (die ZAR) waar sendelinge van die Londense Sendinggenootskap aan die wesgrens onder die Tswana sendingwerk gedoen het, het die verhouding tussen die sendelinge en die Boere gedurende die vroeë vyftigerjare van die vorige eeu só gespanne geraak dat dit op 'n openlike botsing uitgeloop het. Die sendelinge het die Boere onder meer daarvan beskuldig dat hulle die Swartes mishandel en soos slawe behandel het. Die Boere het op hulle beurt die sendelinge daarvan beskuldig dat hulle aan die Swartes gewere en ammunisie verskaf het. Kortom, die verhouding tussen die Boere en die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap was so swak dat die Boere in 1852 die Londense sendelinge verbied het om langer sendingwerk in Transvaal te doen.[4]

Ten spyte van die botsing tussen die Boere en die Londense Sendinggenootskap was die Boere in beginsel nie teen sendingwerk as sodanig gekant nie – solank dit net op hul voorwaardes geskied. Hulle sou dus bereid wees om sendelinge in die Transvaal toe te laat indien hulle sou onderneem om die staatsgesag te erken en te respekteer. Volgens president M.W. Pretorius sou die Duitsers aan al die Boere se vereistes voldoen. Nie alleenlik het die Duitsers meer klem op die "aardse" deugde soos "gehoorsaamheid" en "arbeidsaamheid" gelê nie, maar hulle was soos die Boere ook gekant teen gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank.[5] Gevolglik het Pretorius sendelinge van

3. Kyk J.W. de Gruchy, *The Church Struggle in South Africa* (Cape Town, 1979), pp. 18–19; G.B.A. Gerdener, *Die Afrikaner en die Sending* (Kaapstad, 1959), p. 62.

4. Transvaalse Argiefbewaarplek Pretoria (hierna TA): *Staatscourant der ZAR*, 77/2, 11-06-1859 en *Ibid.*, 78/2, 17-06-1859; Kyk verder I. Schapera (ed), *David Livingstone South African Papers 1849—1853* (Van Riebeeck Society, second series no. 5, Cape Town, 1974), preface & pp. 67–96 & 130–177.

5. J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, III* (SA Argiefstukke, Transvaal, 3), EVR 105A, Aanspraak van M.W. Pretorius, Sept. 1857, p. 492 en *Ibid.*, EVR 6, Maatregelen, pp. 74–75.

die Hermannsburgse Sendinggenootskap genooi om onder die Swartes op die Transvaalse wesgrens met sendingwerk te begin. Die Hermannsburgers het hulle spoedig as getroue onderdane van die Boerestaat bewys.[6]

Toe die Berlynse sendelinge in 1860 die Boere om toestemming gevra het om onder die groot Swart stamme van Oos-Transvaal met sendingwerk te begin, was hulle ook heeltemal bereid om die verbod op gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank te eerbiedig. Alexander Merensky, Berlynse baanbrekersendeling in Transvaal, het uitdruklik onderneem om die landswette van die ZAR in alle opsigte te eerbiedig.[7]

## Die 19de eeu

Oor die algemeen het die negentiende eeuse sendelinge, of hulle nou Duitsers, Engelse of wat ook al was, hulle sendingtaak eenders benader. As Europeërs het hulle van die standpunt uitgegaan dat die Christelik-Europese beskawing op 'n veel hoër ontwikkelingspeil was as die van die "primitiewe" nie-Christelike volke. Hierdie meerderwaardigheidsgevoel het daartoe gelei dat sendingwerk in die eerste plek beskou is "als schöpferischer Akt des Pflanzens, nämlich als ein aktives Einwirken der europäischen Sendboten auf eine passiv empfangende primitive, wilde barbarische, kutlurarme, geschichtslose heidnische Masse.*"[8] (as 'n skeppende aanplantingsdaad, en wel die aktiewe inwerking van Europese sendbodes op 'n passiewe, ontvangende, primitiewe, wilde, barbaarse, kultuurarme, geskiedenislose, heidense massa). Die sendelinge se taak was dus nie bloot om die evangelie aan die "heidene" te verkondig nie, maar hulle moes ook die Westerse beskawing aan hulle oordra. By geleentheid het die Berlynse Sending verklaar: "Der Kaffer ist auch ein Mensch der für das Reich Gottes bestimmt ist, und bringt ihm das Evangelium, und durch dasselbe auch Civilization auch äusserliche Güter."[9] Die "heidene" se tradisionele samelewings en gebruike is dikwels as simbole van Satan gesien wat beveg moes word.[10] Wat hierdie basiese doelstellings van sendingwerk betref, het die Berlynse sendelinge dus geensins van ander sendelinge verskil nie.

Wat die Berlynse en ander Duitse genootskappe van die Angel-Saksiese genootskappe onderskei het, was hulle sterk klem op orde en gesag. Dit het die Lutherane aan Luther se opvatting van die "Twee Ryke" (kerk en staat) te danke. Die primêre taak van albei dié ryke was in die eerste plek om die mag van Satan te beveg. Omdat die "heidene" in die "mag van Satan" vasgevang was, moes hulle onder die gesag van sowel die kerklike as die wêreldlike owerheid geplaas word.[11]

Vir die Berlynse sendelinge was dit derhalwe van die allergrootste belang dat die Swartes tot bekering kom, die rug keer op hulle "primitiewe heidense" kultuur (gebruike soos toordery, poligamie, reënfeeste, die bruidskat en talle ander wat met die Christelike en Europese kultuur gebots het) en so spoedig moontlik die seëninge van die Westerse beskawing (geletterdheid, kleredrag, arbeidsaamheid ens.) aan-

---

6. D.W. van der Merwe, *Die Geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860—1900* (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, 1983/1, Pretoria, 1984), p. 10.
7. TA: SS33, R3671/60, Merensky-Uitvoerende Raad, 04-04-1860.
8. E. Kamphausen & W. Ustorf, "Deutsche Missionsgeschichtsschreibung. Anamnese einer Fehlentwicklung" in *Beihefte zu Evangelische Theologie,* 2/1977, p. 14.
9. *Berliner Missionsberichte, 1872,* p. 142.

Kyk J.T. du Bruyn, "Die Aanvangsjare van die Christelike Sending onder die Tlhaping" (Ongepubl. MA-verhl., Unisa, 1980), p. 1.

Kyk Hans Florin, *Lutherans in South Africa* (Durban, 1967), p. 74.

neem. Omdat die sendelinge die Swartes as blote passiewe objekte van die sendingwerk beskou het, het hulle verwag dat die Swartes wat tot bekering kom onvoorwaardelik aan die eise van die Christendom moes voldoen. Kortom, die sendelinge het die Swartes as "kinders" beskou en dus sou hulle besluit wat vir die Swartes "reg en goed was".[12] Die verhouding tussen sendelinge en Swart bekeerling was gevolglik 'n uiterste vorm van paternalisme.

Dit het gaandeweg geblyk dat die kerstening van die Swartes 'n lang en taai stryd sou wees, want die meeste was nie bereid om onder die paternale gesag van Blanke sendelinge te staan nie. Veral die groot onafhanklike stamme soos die Pedi en Venda het hulle teen die verkondiging van die evangelie verset. Reeds in 1864 het die Pedi-opperhoof, Sekhukhune, vir Alexander Merensky en sy kollegas uit sy land verdryf en hulle belet om weer terug te keer.[13] Daarop was Merensky verplig om met sy Christengemeente onder die beskermende hand van die ZAR met sy sendingwerk voort te gaan.

Die optrede van Sekhukhune en ander opperhoofde het die sendelinge laat besef dat die onafhanklike opperhoofde die grootste struikelblok op die weg na die suksesvolle uitbreiding van die evangelie was, want binne die Swart gemeenskap was dit juis die opperhoof wat die belangrikste bewaarder van die stam se kultuur en tradisies was. Om hierdie struikelblok uit die weg te ruim, het die sendelinge al hoe meer die hulp van die Boerestaat ingeroep. Van die Boere het hulle kragdadige optrede teen die Swartes verwag, en hulle wou graag sien dat die staat hul sendingtaak vergemaklik. So byvoorbeeld het Heinrich Grützner in 1875 by die staat gepleit dat alle Swartes wat nog nie onder die direkte gesag van die Boerestaat gestaan het nie sonder verwyl tot onderdanigheid gedwing word.[14]

In sy hoedanigheid as superintendent van die Berlynse Sending in Suid-Transvaal het Merensky in 1881, op uitnodiging van president S.J.P. Kruger, sekere riglyne aan die hand gedoen waarvolgens 'n besliste "naturellen politiek" in die ZAR gevolg kon word.[15] Wanneer hierdie riglyne ontleed word, is dit duidelik dat Merensky in die eerste plek die uitbreiding van die evangelie in gedagte gehad het. Dit is egter opvallend hoe sterk die sendelinge se belange met dié van die Boerestaat ooreengestem het. Volgens Merensky was die Swartes se sedelike, sosiale en godsdienstige peil nog op só 'n vlak dat daar van gelykstelling tussen hulle en die Blankes geen sprake kon wees nie. Omdat die Swartes volgens Merensky nog "woeste barbare" was, kon daar eenvoudig nie vir hulle dieselfde wette as vir Blankes gemaak word nie. Wat Merensky dus voorgestel het, was dat die staat aan die Swartes (natuurlik afsonderlik van die Blankes) grond ter bewoning toeken. Die Swartes moes ook die reg ontvang om privaat grondbesitters te word en aangemoedig word om hulle tradisionele leefwyse af te sweer. Die Swartes wat blyke van "beskawing" getoon het, moes direk onder die wette van die Blanke staat geplaas word. Verder het Merensky gepleit dat die magte van die tradisionele opperhoof vernietig word, want vir hom was die opperhoof niks anders as "'n gruwelike despoot" nie. Hy het ook daarop aangedring dat alle opperhoofde belet moes word om enigsins met die verkondiging van die evangelie in te meng. As bewys dat die Swartes aan die staat onderdanig was, moes hulle verplig word om gereeld belasting te betaal. Dit sou hulle dwing om vir die Boere te gaan werk en hulle ook

---

12. TA: SN31, SR727/95 (by SR1415/95), Eiselen-Joubert, 02-04-1895.
13. A. Merensky, *Erinnerungen aus dem Missionsleben in Süd-Ost-Afrika (Transvaal), 1859—1882* (Bielefeld, 1888), pp. 226—236.
14. TA: SS184, R436/75, Grützner-Burgers, 10-02-1875.
15. TA: SN7, Merensky-Kruger, 08-08-1881.

aanspoor om as ambagslui opgelei te word.

Merensky se pleidooi dat die Swartes afsonderlik van die Blankes grond ter bewoning ontvang, bevat reeds een van die mees kardinale punte van die latere segregasie- en apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regerings, naamlik rasseskeiding. In hierdie sin sou dit geensins vergesog wees nie om te beweer dat Merensky hier reeds 'n soort "apartheid" verkondig het. Dat die Boere geen fout met Merensky se argumente kon vind nie, lê juis daarin opgesluit dat hulle ook na oplossings gesoek het wat op rasseskeiding gemik was. In die jare na 1881 het die ZAR dit sy selfverklaarde beleid gemaak om aan die Swart stamme "lokasies" ter bewoning toe te wys. Die Boere het egter nie Merensky se wens gedeel om die Swartes langsamerhand te verwesters nie. Op die keper beskou, het hulle bloot in die Swartes as potensiële arbeiders belang gestel.

Vir die Boere was dit sedert die stigting van die ZAR van die grootste belang om die Swartes as arbeiders op hulle plase in diens te neem. Op hierdie gebied het die Berlynse sendelinge hulle ook spoedig as getroue bondgenote van die regering bewys. Die Berlyners met hul leuse "werk en bid"[16] was beslis voornemens om die Swartes tot arbeidsaamheid, daardie ou bewese Pruisiese deug, op te voed. Trouens, die Duitsers se klem op arbeidsaamheid was immers een van die belangrikste redes waarom die Boere hulle in Transvaal verwelkom het. Hand aan hand het die sendelinge en die staat na oplossings vir die chroniese arbeidstekort in Transvaal gesoek. Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 het die regering van die ZAR vir die soveelste keer 'n omvattende poging tot die oplossing van die arbeidsvraagstuk geloods.[17] Die regering het toe die sendelinge uitgenooi om hom van raad te bedien. Die voorstelle waarmee die sendelinge vorendag gekom het, is nie net sprekend van hul paternale ingesteldheid teenoor die Swartes nie, maar gee ook 'n duidelike beeld van hul algemene beskouing van Swartes en hul plek binne die Blankes se sosiale, politieke, ekonomiese en godsdienstige bestel.

Die sendelinge was dit almal eens[18] dat die Swartes se ontwikkelingspeil hoegenaamd nie met dié van die Blankes vergelyk kon word nie, en daarom was gelykstelling tussen Swart en Blank buite die kwessie. Hulle het ook eenparig aanbeveel dat die magte van die Swart opperhoofde gebreek en hulle geleidelik onder die gesag van die Blankes geplaas moes word. Die sendelinge het skerp van mekaar verskil oor hoe die arbeidsvraagstuk prakties die hoof gebied moes word, maar oor die algemeen het hulle almal uiters streng dissiplinêre stappe voorgestel wat die Swartes eenvoudig moes dwing om vir die Blankes te werk. J. Walter, sendeling van Heidelberg, het byvoorbeeld voorgestel dat elke Swarte in besit van 'n werkboek moes wees en dat die Swartes vanaf hulle veertiende lewensjaar verplig moes word om vir die Blankes te werk.[19] Karl Kadach was van mening dat daar nooit werklik van die Swartes

16. TA.: SN31, SR338/95 (by SR1415/95), Düring-Joubert, 05-02-1895.
17. TA: SN31, CB11/94 (by SR1415/95), Circulaire van Superintendent van Naturellen, 27-12-1894.
18. TA: SN31, SR399/95 (by SR1415/95), Sack-Joubert, 21-02-1895; SR481/95 (by SR1415/95), Köhler-Joubert, 09-03-1895; SR338/95 (by SR1415/95), Düring-Joubert, 05-02-1895; SR795/95 (by SR1415/95), Krause-Joubert, Maart 1895; SR727 (by SR1415/95), Eiselen-Joubert, 02-04-1895; SR482/95 (by SR1415/95), Walter-Joubert, 06-03-1895; SR581/95 (by SR1415/95), Bauling-Joubert,m 20-03-1895; SR406/95 (by SR1415/95), Kahl-Joubert, 21-02-1895; SR467/95 (by SR1415/95), Kadach-Joubert, 21-02-1895; SR531/95 (by SR1415/95), Kühl-Joubert, 16-03-1895; SR467/95 (by SR1415/95), Trümpelmann-Joubert, 25-02-1895; SR467/95 (by SR1415/95), Nauhaus-Joubert, 06-02-1895.
19. TA: SN31, SR482/95 (by SR1415/95), Walter-Joubert, 06-03-1895.

arbeidsame mense gemaak kan word nie, aangesien die Here hulle eenvoudig anders geskape het en hulle nooit die ontwikkelingspeil van die Blankes sou bereik nie.[20]

Die antwoord van superintendent C.T. Nauhaus bevat die mees sistematiese rassebeskouing van die negentiende-eeuse Berlynse sendelinge.[21] Nauhaus stel twee kardinale sake wat tot diep in die twintigste eeu die grondslag van die Berlynse Sending se rassebeskouing gebly het. In die eerste plek, voer hy aan, was die sendelinge voortdurend daarvan bewus dat die Afrikaners bevrees was dat die sendinggenootskappe in 'n stadium integrasie tussen Blank en Swart sou bepleit. Gevolglik wou Nauhaus die Boere die versekering gee dat dit nooit die beleid van die Berlynse Sending sou word nie. Die Berlyners het geglo "wat God die Heer self duidelik geskei het, mag die mens nie wil verenig sonder om swaar daarvoor gestraf te word nie."[22] In die tweede plek het Nauhaus daarop gewys dat die "ware" sendeling begeer het om aan die Swartes die evangelie te verkondig. Om dit te doen, moet die Swartes natuurlik kan lees en skryf, maar onder opvoeding het hy nooit verstaan dat dit die Swartman eendag die geleentheid moet bied om tot die wêreld van die Blanke toe te tree en met hom gelyk gestel te word nie.

Uit Nauhaus se hele betoog oor die opvoeding van die Swartes word dit duidelik dat die sendelinge reeds teen die einde van die negentiende eeu nie meer presies seker was wat hulle onder die verwestering van die Swartes verstaan het nie. Dat die Swartes moes kon lees en skryf was vir hulle vanselfsprekend, want die Swartes moes tog immers die Bybel kon lees. Dit wil voorkom asof die Berlyners onder opvoeding nie veel meer as dít verstaan het nie. Nauhaus het byvoorbeeld daarvoor gepleit dat die Swartes Nederlands moes leer "sodat hulle vir die Blankes meer diensbaar kon wees",[23] maar hy kon dit nooit goedkeur dat die Swartes vir 'n beroep opgelei word wat aan hulle toegang tot die wêreld van die Blanke sou verseker nie. So byvoorbeeld het hy dit ten strengste afgekeur dat Swartes as klerke en amptenare opgelei word. Volgens Nauhaus was dit "veel beter dat hulle in hul sosiale betrekking bly."[24] (Het is veel beter voor hen, zij blijven in hunne sociale betrekking.) Dit is onduidelik presies wat Nauhaus onder "sosiale betrekking" verstaan het, maar dit wil tog voorkom asof hy daaronder verstaan het dat die Swartes se tradisionele leefwyse nie heeltemal moes verwesters word nie.

## Die Volkskerk

Die vraag in hoeverre die Swartes verwesters moes word, het gedurende die negentiende eeu tot 'n heftige strydvraag in sendingkringe gelei. Omdat die meerderheid sendinggenootskappe die Swartes se tradisionele leefwyse as "barbaars", "sondig" en "vuil" beskou het, wou hulle die Swart samelewings "ophef" en volkome verwesters. Die Angel-Saksers het groot waarde geheg aan die plek van die individu binne die samelewing. Gevolglik het hulle individuele bekeerlinge aangemoedig om van hul stamlewe weg te breek en die gewoontes en gebruike van die Blankes aan te neem. Swart Christene het dus ontstam geraak en was verplig om hul heil binne die Blanke sosiale bestel te soek.[25]

20. TA: SN31, SR467/95 (by SR1415/95), Kadach-Joubert, 21-02-1895.
21. TA: SN31, SR467/95 (by SR1415/95), Nauhaus-Joubert, 06-02-1895
22. *Ibid.*
23. *Ibid.*
24. *Ibid.*
25. *Hans Florin, Lutherans in South Africa,* p. 113.

Gedurende die middel van die vorige eeu het daar van sowel Angel-Saksiese as Duitse kant 'n kentering ten opsigte van verwestering ingetree. Onder die invloed van die omstrede Anglikaanse biskop van Natal, J.W. Colenso, het die Anglikane erken dat die individuele benadering nie noodwendig die enigste benadering tot die kerstening van die Swartes was nie. Colenso het byvoorbeeld daarop gewys dat verwestering nie die antwoord op die uitbreiding van die Christendom in Suid-Afrika was nie. Wat Colenso hier bepleit het, was dat die tradisionele leefwyse van die Swartes (veral gebruike soos die bruidskat en poligamie) nie sonder meer verwerp moes word nie, maar dat die sendelinge eerder die Swartes se gebruike met die evangelie moes "reinig" en "veredel". "What was required" het Colenso geredeneer, "was the transformation of African society, not the detribalization of individuals by turning them into Black Europeans."[26]

Colenso se teenstand teen verwestering het prakties tot gevolg gehad dat die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika op etniese grondslag verdeeld geraak het, maar nie op sinodale en denominale vlakke nie. Later het die vader van die Duitse sendingwetenskap, Gustav Warneck, idees verkondig wat baie met dié van Colenso ooreengestem het. Warneck het ook die individuele benadering verwerp en aangetoon dat dit die ideaal van sendingwerk moes wees om volke en nasies vir die evangelie te wen. Die "heidene" in hulle "totale organiese samestelling" word vir Warneck die arbeidsveld van die sendeling. Die ideaal word die stigting van "volkskerke".[27]

Die begrip "volkskerk" [Volkskirche] is deur en deur 'n Duitse verskynsel. Omdat die Duitse voorstanders van 'n "volkskerk" so 'n groot verskeidenheid betekenisse daaraan geheg het, is dit moeilik om 'n algemeen geldende definisie te formuleer. Vir die meeste egter het "volkskerk" 'n uiters sterk etniese betekenis gehad. 'n Bepaalde volk of etniese groep moes in so 'n mate die evangelie aanneem dat dit tot in die "bloed en bodem" (etnos) van die volkslewe deurgedring het. Kortom, die kerk moes inheems word.[28]

Omdat die ideaal die stigting van "volkskerke" geword het, was dit vir die Berlynse Sending moeilik om verwestering aan die "volkskerk" te koppel en hulle het al hoe meer die klem op die inheemswording van die kerk binne 'n bepaalde volk of etniese groep geplaas. Die Christendom moes vir die Swartes in die eerste plek "volksbesit", wat vrywel as "bodemvastigheid" vertolk is, word. Eers wanneer die "volkskerk" bodemvas geword het, kon dit op selfstandigheid aanspraak maak. In plaas van selfstandigheid het "Bodenständigkeit" vir die Duitse sending deurslaggewend geword.[29]

Dit is vanselfsprekend dat die "bodenständige Volkskirche" vreemde elemente moes uitsluit. Die "volkskerk" moes sy eie unieke volkskarakter besit; dit kon net werklik verseker word deur 'n beleid van "afsonderlikheid" of "apartheid". Gevolglik het die Berlynse sendelinge met die koms van die twintigste eeu al hoe meer die afsonderlikheid en eiesoortigheid van die verskillende etniese bevolkingsgroepe in Suid-Afrika beklemtoon. So byvoorbeeld het Hermann Kuschke in 1908, nog voor die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, 'n pleidooi vir totale rasseskeiding gelewer. Kuschke het wel erken dat rasseskeiding 'n geweldige onderneming was, maar

J.W. de Gruchy, *The Church Struggle in South Africa,* pp. 17—18.
Kyk G. Warneck, *Evangelische Missionslehre, III* (Gotha, 1897), p. 251.
28. J.C. Hoekendijk, *Kerk en Volk in de Duitse Zendingswetenschap* (Amsterdam, 1947), pp. 251—268.
29. E. Kamphausen & W. Ustorf, "Deutsche Missionsgeschichtsschreibung.", p. 18.

volgens hom het dit die enigste oplossing vir die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk gebied.[30]

Waar rasseskeiding vir die Berlynse Sending die grondslag van sy sterk ordenologiese benadering vorm, is die eiesoortigheid van volke die fondament waarop die uiteindelike "bodemvaste volkskerk" gebou moet word. Op die keper beskou, was sowel rasseskeiding as eiesoortigheid juis ook die pilare waarop die voorstanders van segregasie, en later apartheid, hul beleid gebou het. Die Berlynse Sending en die Suid-Afrikaanse regering, veral die Afrikaners, het dus vanuit verskillende vertrekpunte na dieselfde doelstellings gestreef. In hierdie opsig het die Berlynse Sending daadwerklik daartoe bygedra om 'n klimaat te skep waarbinne die apartheidsbeleid kon wortel skiet en gedy.

Gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu het die Berlynse Sending hom al hoe meer begin beywer vir die handhawing van die Swartes se "volkseie" (Volkstum), die voorkoming van verdere verwestering van die Swartes en vir rasseskeiding.

## Die Volkskerk en segregasie

Die eerste dekades van die twintigste eeu is ook gekenmerk deur die ontwaking en opkoms van Swart nasionalisme. Dit is 'n uiters komplekse probleem om die opkoms van Swart nasionalisme na waarde te skat, maar skrywers is dit oor die algemeen eens dat Swart nasionalisme deur die Christelike sending aangewakker is. Namate Swartes bekeer en opgevoed is in Blank-georiënteerde sendingskole en kolleges het daar by hulle die behoefte ontstaan om binne die Blanke samelewing opgeneem te word. Met die uitsondering van die Kaap, waar sowat 12 000 Swartes wel op 'n gemeenskaplike kieserslys was,[31] het Swartes nêrens in Suid-Afrika 'n aandeel aan die politieke besluitneming gehad nie. Dit het hulle diep gegrief veral omdat hulle ingesien het dat die Suid-Afrikaanse ekonomie inter-afhanklik was. Omdat politieke regte aan die Swartes weerhou is (trouens, die vorming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was slegs moontlik omdat die Swartes uitgesluit was), het hulle gevoel dat hulle minstens op kerklike gebied onafhanklik wou wees. Gevolglik is 'n hele aantal onafhanklike Swart kerke in die lewe geroep (byvoorbeeld die African Methodist Episcopal Church en die breër Zioniste beweging).[32]

Uit die Swart onafhanklike kerke is die eerste Swart politieke beweging in Suid-Afrika in 1912 (African National Congress) in Bloemfontein gestig, twee jaar voor die stigting van die Nasionale Party. Onder die eerste leiers van die African National Congress het Swart leiers soos Albert Lutuli, Z.K. Matthews en Robert Sobukwe getel, almal toegewyde Christene wat hulle skoling aan Angel-Saksiese inrigtings soos byvoorbeeld Lovedale en Fort Hare ontvang het.

Die politieke ontwaking van die Swartes, en veral die aandeel wat Swart Christene daaraan gehad het, het talle Angel-Saksiese kerk- en sendinggenootskappe tot die besef gebring dat kerklike selfstandigheid uiteindelik ook op politieke selfstandigheid moes uitloop. Daarom het hulle die standaarde van hulle opvoedkundige inrigtings verhoog om aan die Swartes die bes moontlike opvoeding, in volle oor-

30. W.W.M. Eiselen, *Deutsche Missionsarbeit in Südafrika und der Volkscharakter der Bantu* (ADK Pretoria, 1956), p. 4.
31. Peter Walsh, *Black Nationalism in South Africa* (Johannesburg, 1975), p. 5.
32. Kyk B.G.M. Sundkler, *Bantu Prophets in South Africa* (Oxford, second edition, 1961), pp. 38—64.

eenstemming met die Blanke onderwys, te verskaf. Die Berlynse Sending het presies die teenoorgestelde standpunt ingeneem. Vir die Duitsers was daar geen verband tussen kerklike selfstandigheid en politieke selfstandigheid nie (die opvatting van die "Twee Ryke") en dus het hulle die Angel-Saksiese pleidooi om groter selfstandigheid aan die Swartes toe te ken, verwerp.[33]

Toenemende industrialisering en verstedeliking het tot gevolg gehad dat die Swartes se tradisionele stamlewe vinnig aan die verbrokkel was. Die stelsel van trekarbeid het dit nog verder in die hand gewerk. Gevolglik het die proses van Swart verwestering toegeneem. Verwestering het die simptoom geword van die diepgaande veranderinge wat daar binne die Swart samelewings plaasgevind het. Waar die Angel-Saksers verwestering aanvaar het as 'n proses wat nie langer gestuit kan word nie, het die Berlynse Sending in die belang van die wordende "volkskerk" alles in die stryd gewerp om die verwestering van die Swartes te ontmoedig of selfs te probeer stuit. In hulle gemeentes is alle uiterlike vorme van verwestering summier verwerp as "oppervlakkig", "sondig" en "dekadent". So byvoorbeeld is Swart meisies wat pruike gedra het, verbied om die nagmaal te gebruik en die Swartes wat die nuutste westerse modes nagevolg het, is streng berispe.[34]

In die belang van die "bodenständige Volkskirche" moes die Swartes binne hulle eie kultuurverband opgevoed word. Daarom was dit vir die Berlynse Sending van kardinale belang dat die Swartes in hul moedertaal onderrig moes word. Dit was eenvoudig ondenkbaar dat die Swartes in 'n taal anders as hul eie in die waarhede van die Christelike godsdiens ingelui kon word. Toe die Angel-Sakers gedurende die internasionale Afrika-konferensie in 1926 in Le Zoute (België) toegegee het dat die Duitsers 'n gesonde beginsel bepleit het, en veral die gebruik van die moedertaal in die eredienste aangemoedig het, het die Duitsers met nuwe ywer die gedagte van moedertaalonderrig verkondig.[35]

In Suid-Afrika het hulle enige afwyking van die beginsel van moedertaalonderrig afgekeur en die teenstanders van die moedertaal op die besluite van Le Zoute gewys. In Transvaal het hulle die Departement van "Naturelle-onderwys" voortdurend aan die belangrikheid van die moedertaal herinner. Toe twee sendelingseuns, G.H. Franz en W.W.M. Eiselen, albei inspekteurs vir Swart onderwys in Transvaal word, het die sendelinge via hul nageslag daartoe bygedra dat die beginsels van moedertaalonderwys tot amptelike beleid van die Transvaal Departement van "Naturelle-onderwys" verhef is.[36]

Onder "moedertaalonderrig" het die Duitsers heelwat meer verstaan as bloot die gebruik van die moedertaal as onderrigmedium. Moedertaalonderwys moes in die eerste plek die doelstellings van die "volkskerk" bevorder en omdat die "volkskerk" in die Swartes se samelewing bodemvas moes word, was dit nodig dat die Swartes meer in ooreenstemming met hulle eie kultuur opgevoed word. Omdat hulle kultuur niks met die Westerse beskawing te make gehad het nie, het die Berlynse Sending dit onnodig geag om sterk klem op boekkennis te plaas. Kortom, hulle het nie die Angel-Saksiese

33. J. Warneck, "Selbständige Missionskirchen" in *Allgemeine Missionszeitschrift*, vol. 2, Junie 1922, p. 234.
34. Berliner Missionsarchiv, Oos-Berlyn (hierna BMA), Afd. 3/4/8, band 3, Stationsakten/Tagebücher, Lydenburg, Jahresbericht, 1912; BMA: Afd. 3/4/7, band 3, Stationsakten/Tagebücher, Pretoria, Jahresbericht, 1937.
35. BMA: Band 1156, Le Zoute, 1926; *Berliner Missionsberichte*, 1928, p. 167.
36. BMA: Afd. 4/1/5, band 14, Sinodale Protokolle, Noord-Tvl., Sendingkonferensie, 1927; Kyk ook M. Wright, *German Missions*, p. 177.

opvatting dat die Swartes 'n gelykstaande opvoeding aan dié van die Blankes moes ontvang, gedeel nie. Die Duitsers het die klem hoofsaaklik op handvaardighede soos skrynwerk, skoenmaak, weefkuns ens. laat val. Dit het tot gevolg gehad dat daar uit die inrigtings van die Berlynse Sending nooit 'n Swart élite na vore getree het nie. Trouens, die Swartes het die Duitsers se beheptheid met die moedertaal verwerp en aan Engelstalige inrigtings (Fort Hare, Lovedale, Kilnerton, Tigerkloof ens.) voorkeur gegee.[37]

Die onderliggende doel van die Berlynse Sendinggenootskap se onderwysbeleid was dus om afsonderlikheid te bevorder. Gustav Eiselen het dit by geleentheid soos volg uitgedruk: "So verschieden in Farbe, Geruch und Aussehen der Europäer und der Eingeborene in Erscheinung treten, so verschieden sind sie in ihrem innersten Wesen, ihren Anlagen und Charaktereigenschaften."[38] (Blankes en Swartes verskil nie net ten opsigte van kleur, reuk en voorkoms nie, maar ook in hulle diepste innerlike wese, aanleg en karakter.) Wanneer daar gedink word aan mense soos Albert Lutuli en Z.K. Matthews, wat akademies uitsonderlik presteer het, is dit maar te duidelik dat Eiselen hier 'n onoortuigende argument vir sy pleidooi om eiesoortige onderwys aanvoer. Dit kom eerder voor asof hy die optrede van die Berlynse Sending ten alle koste probeer regverdig. Hoe dit ook al sy, een saak kom duidelik na vore: die Berlyners se hele opvoedkundige beleid was gaandeweg besig om in 'n apartheids-"ideologie" te verander.

Gaandeweg was die Duitsers met hul opvattings oor die eisoortigheid van rasse besig om hulself van die heersende universele opvattings oor sending en opvoeding te vervreem. Toe die internasionale sendingkonferensie in 1928 in Jerusalem ontmoet, het die afgevaardigdes eenparig besluit dat die evangelie alle rasseonderskeid ophef en dat daar in Christus geen sprake is van "racial or color discrimination" nie. Sendingdirekteur Siegfried Knak het hierdie uitspraak sonder voorbehoud verwerp en aangevoer dat die evangelie nie die noodsaaklike rasseonderskeid ophef nie.[39] Om sy standpunt te regverdig, moes Knak toenemend op die Duitse "volkskerkbegrip" terugval wat onder invloed van die Leipzigse sendeling, Bruno Gutmann, se sogenaamde volksorganiese sendingmetode juis opnuut groot navolging in Duitsland gevind het. Knak was een van die vurigste aanhangers van Gutmann en in 1929 het hy tydens 'n besoek aan Suid-Afrika die sendelinge van sy genootskap opdrag gegee om sover as wat dit moontlik was die metodes van Gutmann toe te pas.

Wat Gutmann bepleit het, was nie heeltemal nuut in die Duitse sendingkringe nie. Hy is sterk deur die idees van Warneck beïnvloed. Gutmann het die oproep om 'n "volkskerk" nog stewiger aan die etnos gebind en daarmee eintlik die kerk onlosmaakbaar aan die volk gekoppel. Volgens Gutmann kan die evangelie nooit los van die volk verkondig word nie. Vir hom is dit aan die "bloed en bodem" van die volk veranker. Die mens vorm volgens Gutmann deel van 'n stelsel van afhanklikhede. In die primitiewe samelewing onderskei hy drie bindinge, naamlik dié van bloedverwantskap, buurskap en leeftydsgroepering. Hierdie bindinge noem Gutmann die sogenaamde "urtümliche Bindungen" en dít het die behoud van 'n gemeenskap verseker. Daarsonder kan die mens nooit volkome menswees ervaar nie. Bloed, bodem en leeftydsgroepering verbind Gutmann met kindskap en volgens hom is juis kindskap die som van die evangelie (Matt. 18:3). Die gelowige moet soos 'n kind word ten einde ten

37. Hans Florin, *Lutherans in South Africa*, p. 113; Kyk ook R.H.W. Shepard, *Lovedale: South Africa 1824—1955* (Lovedale, 1971), pp. 104—107.
38. W.W.M. Eiselen, *Deutsche Missionsarbeit in Südafrika*, p. 5.
39. TA: A. 1419, band 22, S. Knak, Rundschreiben an die Süd- und Ostafrikamissionare, 1928.

volle in sy "urtümliche Bindungen" te kan leef. Daarom word die volk en die volkskerk wat daarop gevestig word só belangrik, want dit veranker die gelowige aan die bodem. Vir Gutmann was die Westerse beskawing, maar veral die proses van industrialisering en verstedeliking, die grootste vyande van die wordende volkskerk, want dit het die "urtümliche Bindungen" vernietig.[40]

Tydens Knak se besoek aan Suid-Afrika het hy wel onder die besef gekom dat verstedeliking en industrialisering reeds in hoë mate die Swartes se tradisionele leefwyse verbrokkel het, en dat daar weinig was wat gedoen kon word om hierdie verbrokkeling ongedaan te maak. Nogtans was hy daarvan oortuig dat dit in die belang van die Swartes en die volkskerk was om te probeer om die proses te stuit en, waar moontlik, selfs te voorkom. Gevolglik het hy die sendelinge opdrag gegee om alles in die styd te werp om die Swartes se eie "Volkstum" met die evangelie te "reinig", te "veredel" en te "bewaar". Die swaartepunt van die genootskap se sendingwerk moes na die landelike stamgebiede verskuif word, want slegs dáár "liegt in jeder Beziehung die Kraft der Mission. Nur da können Stammes- und Sippenverbände in das Reich Gottes eingeführt werden."[41]

Die metodes waarvolgens Knak die Swartes se eiesoortige "Volkstum" wou bewaar, naamlik die behoud van die stam en sibbe, het merkbaar met die breë beginsels van die Suid-Afrikaanse segregasiebeleid ooreengestem. Dit is byna vanselfsprekend dat die tradisionele stam net tot sy reg kon kom binne sy eie geografiese gebied. Gevolglik het die Berlynse Sending in die Suid-Afrikaanse rassebeleid die enigste versekering gesien vir die vestiging van "bodenständige Volkskirchen" en die bestendiging van die Swartes se eie "Volkstum". Superintendent P.E. Schwellnus het dit beklemtoon dat die regering se segregasiebeleid die beste bondgenoot van die sendelinge was in hulle strewe om die "Volkstum" te bewaar.[42]

Dit is dus geensins verbasend nie dat die sendelinge die ontplooiing van die segregasiebeleid aktief gesteun het. So het hulle byvoorbeeld die uitvaardiging van die verbod op gemengde huwelike in 1927 verwelkom, want juis só 'n wetgewing sou verseker dat die Swartes se "Volkstum" behoue bly.[43] Verder het hulle ook onverpoosd die regering aangemoedig om die beginsel van moedertaalonderwys te onderskryf en uit te bou.

Die Duitse "nasionale herlewing" wat in 1933 op die nasionaal-sosialistiese diktatuur uitgeloop het, het 'n diepgaande invloed op sowel die jong Afrikanernasionaliste as die Berlynse Sending gehad. Die Afrikanernasionaliste, waarvan baie in Duitsland studeer het, is deur die vloedgolf van nasionalisme meegesleur en het in Duitsland 'n magtige bondgenoot gesien om hulle teen die gevare van gelykmaking te beskerm. Hulle het die Duitsers se eis om rassesuiwerheid verwelkom. Die Berlynse Sending het op sy beurt hom daartoe verplig gevoel om die leiers van die Derde Ryk

40. Kyk Bruno Gutmann, *Gemeindeaufbau aus dem Evangelium* (Leipzig, 1925); J.C. Hoekendijk, *Kerk en Volk*, pp. 136 – 157; M. Schlunk, "The Relation of Missions to Native Society" in *International Review of Missions*, vol. 16, 1927, pp. 351 – 363.
41. BMA: Personalakten, M. Jäckel, Knak-Jäckel, 04-11-1932; Kyk verder S. Knak, "Zivilisation, Volkstum, Lutherische Mission" in *Neue Allgemeine Missionszeitschrift*, vol. 7, 1930, pp. 224 - 231.
42. BMA: Afd. 4/1/14, band 2b, Allgemeines Südafrika, Schlusskonferenz auf Bethanien, 22-28-11-1929.
43. *Ibid.*

telkens daarop te wys dat hulle op die sendingveld nooit rassevermenging verkondig het nie.[44]

In 1936 het Siegfried Knak sy genootskap se standpunt oor rassesuiwerheid opnuut bevestig en dit onomwonde gestel: "Die deutsche evangelische Mission predigt nicht Gleichheit aller Rassen und Völker. Wenn sie seit zwei Menschenalter mit Wort und Tat für die Entstehung von "Volkskirchen" in den fremden Erdteilen eintritt, so tut sie es in der Überzeugung, dass die Unterschiede von Völkern und Rassen dem Willem Gottes nicht widersprechen, sondern vielmehr als von Gott gewollt geachtet werden müssen. Das Evangelium, das die Mission zu verkündigen hat, will den Menschen aus dem Bann der Gottesferne, also von Sünde und Schuld erlösen, aber nicht von dem, was Gott für diese Welt geordnet hat. Die Arbeit der Mission bewirkt daher, dass die Völker und Stämme unter denen sie arbeiten, sich ihrer völkkischen und rassischen Eigenart besser bewusst werden. Die Mission widerrät und bekämpft, wo sie die Gelegentheit dazu hat, die Vermischung der Rassen, ..."[45] (Die Duitse Protestantse sending verkondig nie die gelykheid van rasse en volke nie. Waar ons vir meer as twee geslagte met woord en daad die ontstaan van volkskerke bepleit het, het ons dit gedoen in die oortuiging dat rasseonderskeid nie die wil van God weerspreek nie, maar dat dit eerder as die uitdruklike wil van God beskou moet word. Die sending verset hom dus teen rassevermenging.)

Waar die Engelssprekende wêreld die Duitse rassisme al hoe meer teengestaan het, het die Afrikanernasionaliste juis in die Duitse "idealisme" hoop gesien vir sy eie toekoms as Blanke "volk" aan die suidpunt van 'n Swart kontinent. Die Afrikaner was geleidelik besig om sy eie "Volkstum" te ontdek. Die goeie verhoudinge wat daar soveel jare lank tussen die Berlynse sendelinge en die Afrikaners bestaan het, het steeds verbeter en vir die sendelinge was dit 'n oomblik van groot vreugde toe hulle vasgestel het dat die Afrikanernasionaliste, maar veral die jong akademici, in baie opsigte die idees van Warneck, Gutmann en Knak onderskryf en selfs bevorder het. Die Afrikaners en die Duitsers se rassebeskouing het met mekaar vervleg geraak.

Tydens 'n seminaar oor Swart onderwys aan die Universiteit van Pretoria het Willy Leue tot sy groot vreugde ontdek dat die dosente aan hierdie universiteit "die idees en denkrigtings van Knak verkondig het".[46] Op 'n soortgelyke byeenkoms aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die "laboratorium van apartheid",[47] het die Berlynse sendelinge vasgestel "wie sich deutsche und burische Auffassung des Rassenproblems und damit bedingter Zielsetzung der Missionsaufgabe sowie der anzuwendenden Mittel vielfach deckten, wie das deutsche Element in Südafrika ein gern gesehener Kulturfaktor sei und wie von burischer Seite nichts sehnlicher gewünscht werde, als dass das alte Deutschland wieder stark und mächtig in Europa dastehen möge.[48] (dat die Duitsers en die Afrikaners dieselfde rassebeskouing gehad het. Gevolglik het hulle doelstellings en sendingmetodes dikwels oorvleuel. Die Duitse element in Suid-Afrika is deur die Afrikaners hoog aangeskryf en hulle wou

---

44. Kyk W. Braun, *Heidenmission und Nationalsozialismus* (Berlin, 1932); K.B. Westmann, "Missions and Nationalism" in *International Review of Missions*, vol. 22, 1933, p. 555.
S. Knak, "Ein Wort der Mission zur Rassenfrage" in *Neue Allgemeine Missionszeitschrift*, vol. 13, 1936, pp. 36—37.
46. TA: A. 1419, band 3, Leue-Knak, 06-07-1933.
47 Kyk W.A. de Klerk, *The Puritans in Africa: The Story of Afrikanerdom* (London, 1975), pp. 213—228; J.W. de Gruchy, *The Church Struggle in South Africa*, pp. 31—33.
BMA: Afd. 4/1/4, band 17, Sinodale Protokolle Suid-Tvl., Protokol van Sendingkonferensie, 03-10-1930.

graag sien dat Duitsland weer 'n groot mag in Europa word)

Die goeie verhouding tussen die Berlynse sendelinge en die Afrikaners het daartoe gelei dat die sendelinge hulle al hoe meer met die Afrikaner en sy politieke ideale geïdentifiseer het. Trouens, die sendelinge se identifikasie met die Afrikaners het een van die jong sendelinge, W. Trott, in 1938 tot die gevolgtrekking laat kom dat in plaas daarvan dat die Berlyners op die sendingveld "bodenständige Volkskirchen" gestig het, hulle self op die Afrikanerbodem "bodenständig" geword het.[49]

**Die Volkskerk en Apartheid**

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog, terwyl die meeste Berlynse sendelinge deur die regering van genl. J.C. Smuts in inteneringskampe geplaas is, het 'n groep jong Afrikanernasionaliste waaronder mense soos H.F. Verwoerd, N. Diederichs, P.J. Meyer, G. Cronjé en andere, die grondslae van 'n meer radikale segregasiebeleid gelê – apartheid. Die apartheidsgedagte wat hierdie mense verkondig het, het nie wesenlik van die vorige segregasiebeleid verskil nie, want die uitgangspunt was steeds die behoud van Blanke oorheersing in Suid-Afrika. Wat wel verskillend was, is die ideologiese vasberadenheid waarmee apartheid as die finale oplossing vir die land se rassevraagstuk verkondig is. In 1945 het die Nasionale Party apartheid as sy amptelike beleid teenoor Nie-Blankes aanvaar. By 'n geleentheid, kort voor die Nasionale Party op 26 Mei 1948 die bewind oorgeneem het, het die partyleier, D.F. Malan, die doel van apartheid soos volg uitgedruk: "Die algemene landsbeleid moet so opgestel word dat dit die ideaal van uiteindelike algehele apartheid op 'n natuurlike wyse sal bevorder."[50]

Wanneer daar na Malan se bovermelde uiteensetting van apartheid gekyk word, veral sy klem op die feit dat apartheid op 'n natuurlike wyse bevorder moes word, is daar in apartheid niks wat dit van die ou segregasiebeleid onderskei nie. Die enigste werklike verskil is dat die Afrikanernasionaliste aan die bewind was. Met hulle het die Berlynse sendelinge 'n goeie verhouding gehad en daarom is dit nie verbasend nie dat die Duitse sendelinge hulle nie juis teen apartheid verset het nie. Die enkele sendelinge wat wel oor die Nasionale Party se bewindsoorname en apartheid kommentaar gelewer het, het dit baie positief gedoen.

Willy Leue van Pretoria het daarop gewys dat die bewindsoorname van die Nasionale Party vir goed 'n streep deur die Britse liberalisme in Suid-Afrika getrek het. Hy het die mening uitgespreek dat solank die sendelinge binne die raamwerk van die apartheidsbeleid hul sendingwerk verrig daar vir die toekoms van die Berlynse Sending niks te vrese voor was nie. Vir hom was dit vanselfsprekend dat die regering diegene sou teenstaan wat die Swartes met onpraktiese ideale van gelykheid en stemreg probeer opsweep het.[51]

Een van Leue se kollegas, O. Papke, het die koms van apartheid verwelkom, want volgens hom was gebiedskeiding in die belang van die Swartes. Volgens Papke kon die Swartes in hul eie gebied hul eie kultuur en tradisies uitleef en sodoende die Godgewilde vryheid bereik. Juis daarom, was hy van mening, "sollten wir den Apartheidsplan der jetzigen Regierung begrüssen, die das schwierige Eingeborenproblem

49. BMA: Afd. 4/1/14, band 4a, Allgemeines Südafrika, W. Trott, Eine missionarische Betrachtung über unser Südafrikawerk, 1938.
50. G.D. Scholz, *Die Naturellebeleid van die Nasionale Party* (Johannesburg, 1959), p. 14.
51. BMA: Afd. 4/1/4, band 14, Sinodale Protokolle Suid-Tvl., Ephoralbericht, 1948.

anpacken und dem Neger helfen will, nicht ein zweitklassiger Mensch in europäischer Umgebung und Abhängigkeit zu werden, sondern ein selbständiger erstklassiger Neger in einem freien Negerstaat als freundlich gesinnter Nachbar des weissen Mannes in Südafrika".[52]

Leue en Papke se positiewe kommentaar oor apartheid moet teen die breë agtergrond van die Duitsers se eie sendingpraktyk verstaan word. Vir hulle was apartheid niks anders nie as die voortsetting van hul vooroorlogse strewe om aan elke etniese groep in Suid-Afrika die geleentheid te bied om sy eie "Volkstum" te ontwikkel. Voorts was hulle baie trots daarop dat 'n seun van 'n Berlynse sendeling, W.W.M. Eiselen, so nou betrokke was by die opstelling en uitvoering van die apartheidsgedagte. Volgens die sendelinge was Eiselen 'n opregte mens en 'n getroue lidmaat van die Lutherse Kerk. Vir hulle was dit van besondere betekenis dat Eiselen dwarsdeur die oorlogsjare aan "die Duitsdom en dít waarvoor dit gestaan het, getrou gebly het", en dit kon nie van alle Duitsers in Suid-Afrika gesê word nie.[53] Dít waarvoor hy gestaan het, moet aan die verbeelding oorgelaat word, maar sommige skrywers skroom nie om hom 'n fascis te noem nie.[54]

## Eiselen se aandeel

Werner Eiselen (1899–1977) is op die Berlynse sendingstasie Bothsabêlo gebore. Sy vader, Gustav Eiselen, het in sy hoedanigheid as superintendent van die Berlynse Sending in Suid-Transvaal 'n leidende rol gespeel. In 1920 behaal Eiselen die M.A.-graad in Volkekunde aan die Universiteit van Stellenbosch, waarna hy in Duitsland verder in die Volkekunde studeer het. Onder die invloed van professor D. Westermann van Hamburg, wat self vroeër 'n Duitse sendeling was, en Bruno Gutmann kom Eiselen sterk onder die invloed van die volksorganiese opvatting en die funksionalisme. Die sogenaamde Funksionele Skool van Malinowski het sterk gepleit vir die praktiese toepassing van antropologiese kennis in die daaglikse administrasie van die Swartes in Europa se kolonies in Afrika. Die funksionalisme lê besondere klem op die verhouding tussen die verskillende dele (familie, sibbe ens.) van 'n stam. Die stam word as 'n totale organiese eenheid beskou. Verder beklemtoon die funksionaliste die gedagte van kulturele relatiwisme, wat beweer dat samelewings nie soseer meerder- of minderwaardig is nie, maar "andersoortig". Die funksionalisme gekombineer met Gutmann se volksorganiese opvatting het die grondslag van Eiselen se totale beskouing van en benadering tot die Swartes gevorm.[55]

In 1926 aanvaar Eiselen 'n leerstoel in die Volkekunde aan die Universiteit van Stellenbosch. In daardie jare was Stellenbosch in die woorde van een skrywer "the heart of intellectual nationalism."[56] Hier het Eiselen ook kennis gemaak met die professor in Sielkunde, Hendrik Verwoerd, en hulle het spoedig vasgestel dat hulle dieselfde idees voorgestaan het – die handhawing van die Afrikaners se gesag oor die Nie-Blankes. In Stellenbosch het 'n hele geslag Afrikaanssprekende volkekundiges aan

---

52. BMA: Afd. 3/4/7, band 4, Stationsakten/Tagebücher, Pretoria/Wallmannsthal, Jahresbericht, 1949.
53. BMA: Afd. 4/1/4, band 14, Sinodale Protokolle Suid-Tvl., Ephoralbericht, 1948.
54. Alfred Babing & Hans-Dieter Bräuer, *Fanal am Kap* (Berlin, 1982), p. 203.
55. W.W.M. Eiselen, *Deutsche Missionsarbeit in Südafrika*, pp. 6–8; Henry Kenney, *Architect of Apartheid: H.F. Verwoerd — an Appraisal* (Johannesburg, 1980), p. 88.
56. E.A. Walker, *A History of Southern Africa* (London, 1962 edition), p. 770.

die voete van Eiselen gesit en in later jare sou hulle op grond van die funksionalisme almal vurige voorstanders van apartheid word. In 1936 is Eiselen as hoofinspekteur van Swart onderwys in Transvaal benoem. In hierdie hoedanigheid het hy die Berlynse sendelinge aktief gesteun om hulle ideaal van moedertaalonderrig te bevorder en sulke welslae behaal dat die Nasionale Party hom in 1948 as voorsitter van 'n kommissie benoem het wat die stand van Swart onderwys in Suid-Afrika moes ondersoek. Ook dié taak het hy suksesvol voltooi en in 1949 is hy as Sekretaris van "Naturellesake" aangestel. Ná 1950, toe H.F. Verwoerd die Minister van "Naturellesake" geword het, het Eiselen hom getrou bygestaan en aan hom die "kundigheid" verskaf waarop die grootste eksperiment in rasseskeiding gedurende die jare daarna gebaseer is.[57]

Die komitee van die Berlynse Sending het hulle egter nie deur Eiselen en die sendelinge in Suid-Afrika se "entoesiasme" met apartheid laat meesleur nie. Die algehele vernietiging van die Derde Ryk het hulle tot ander insigte gebring. Hitler se naakte rassisme het die Duitsers se rassebeskouing vernietig. Reeds in 1947, op die internasionale sendingkonferensie van Whitby, het die Nederlandse sendingkundige J.C. Hoekendijk die Duitsers daarop gewys dat hulle "volkskerkopvatting" op 'n romantiese volksbegriop uit die negentiende eeu gebaseer was, dat dit ontoereikend en onbybels was.[58] Hoekendijk het direkteur Knak oortuig dat die Duitsers se ervaring in die Derde Ryk die nastrewing van 'n "volkskerk" uitgesluit het.[59]

**Die sendingkerk tussen Brennecke en Verwoerd**

Knak se opvolger, Gerhard Brennecke, was die eerste Berlynse sendingdirekteur wat hom vir die spoedige onafhanklikheidswording van die sendingkerk beywer het. Om die toekoms van die sendingkerk te verseker, het Brennecke gevoel dat alle potensiële gevare van die kerkwordingsproses geweer moes word. Daarom het hy uiters skepties na apartheid gekyk. Onder die invloed van die sendelinge in Suid-Afrika het Brennecke wel aanvanklik 'n afwagtende houding ingeneem en nie dadelik die Suid-Afrikaanse rassebeleid veroordeel nie. Teen 1949 kon Brennecke nie langer swyg nie. In daardie jaar het die Nasionale Party die ou verbod op gemengde huwelike opnuut bekragtig met die aanname van die "Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike".

Die Engels georiënteerde Christian Council of South Africa het die aanname van hierdie wet in die skerpste taal veroordeel en as volkome onbybels beskryf. Die Christian Council se veroordeling van die wet het soveel reaksie uitgelok dat die pers daaraan groot publisiteit verleen het. In Oos-Berlyn het Brennecke van hierdie reaksie te hore gekom. Wat hom veral verbaas het, was dat die Berlynse Sending nie ook hulle morele steun aan die Christian Council gegee het nie. Hy wou van die sendelinge weet waarom hulle nie teen die wet standpunt ingeneem het nie.

Superintendent Leue het Brennecke meegedeel dat die Berlynse sendelinge vir hulle voortgesette verblyf in Suid-Afrika van die Afrikaner se goeie gesindheid afhanklik was en daarom was dit in die belang van die genootskap om nie 'n konfrontasie met die Afrikaner uit te lok nie. Hy het ook vir Brennecke vermaan om nie alles in die Engelstalige pers te glo nie, aangesien die Engelse die neiging gehad het om sake baie eensydig weer te gee. Boonop het Leue vir Brennecke daarop gewys dat die Berlynse

57. Henry Kenney, *Architect of Apartheid*, p. 88.
58. J.C. Hoekendijk, *Kerk en Volk*, p. 268; Kyk ook TA: A. 1419, band 6, E. Dohms, Referat über das Buch von J.C. Hoekendijk, "Kerk en Volk", Desember 1950.
59. S. Knak, "Geschichte der Berliner Mission" (Ongepubl. manuskrip, Berlin, 1951), p. 390.

Sending hom van die Engels georiënteerde Christian Council gedistansieer het.[60]

Watter indruk Leue se antwoord op Brennecke gemaak het, is moeilik om te bepaal. Wat wel met sekerheid gestel kan word, is dat Leue se argumente nie juis oortuigend klink nie, veral wanneer dit in gedagte gehou word dat die regering die reg gehad het om enige ander kerk- of sendinggenootskap wat sy beleid gekritiseer het, die land uit te sit. Nietemin, Brennecke het besluit om nie teen apartheid stelling in te neem nie alvorens hy eers self Suid-Afrika besoek het en hom op hoogte van die beleid gebring het nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die hoofkwartier van die Berlynse Sending hom na 1949 in die Duitse Demokratiese Republiek bevind het. Omdat Suid-Afrika geen diplomatieke bande met die Duitse Demokratiese Republiek gehad het nie, was die twee lande van mekaar afgesny. Brennecke het wel in 'n vertroulike brief aan die sendelinge sy en die komiteelede se persoonlike standpunt oor apartheid duidelik gestel. Brennecke het dit beklemtoon dat apartheid nooit op Bybelse gronde regverdigbaar was nie, want voor God was daar geen onderskeid tussen Jood en Griek nie.[61]

Met Brennecke se veroordeling van apartheid kan daar geen fout gevind word nie, maar wat eienaardig voorkom, is dat dit die Berlynse Sending soveel jare geneem het om tot hierdie insig te kon gekom het.

Toe Brennecke in 1950 Suid-Afrika besoek het, wou hy hom op die hoogte van die apartheidsbeleid bring. Hy was voornemens om indringend met Eiselen oor die doelstellings van apartheid te praat, maar of daar ooit 'n ontmoeting tussen hom en Eiselen plaasgevind het, is onbekend. In elk geval, Brennecke het wel simpatie getoon met die gedagte dt elke etniese groep binne Suid-Afrika sy eie "Heimatland" (tuisland) sou ontvang, maar apartheid met sy klem op rassediskriminasie was vir hom onaanvaarbaar.[62]

In die dekade na 1950 (die begin van die Verwoerd-Eiselen era) het dit gaandeweg duidelik geword dat apartheid nie die "mooi" filosofie van rasseskeiding in die belang van die Swartes se eie "Volkstum" was nie, maar 'n beleid van blatante diskriminasie wat deur wetgewing op die Suid-Afrikaanse samelewing afgedwing is. Dit het gewissel van die "Groepsgebiede-Wet" (1950), wat bepaal het dat elke bevolkingsgroep sy eie woongebied moes ontvang, die "Wet op Bantoe-onderwys" (1953), wat vir aparte onderwys vir Blank en Nie-Blank voorsiening gemaak het, tot onder meer die "Wet op Aparte Geriewe" (1953), wat die Suid-Afrikaanse samelewing in sy daaglikse handel en wandel streng apart gehou het. Verwoerd het homself as 'n ongenaakbare en onbuigsame demagoog bewys. Hy en sy opvolgers het nie geskroom om in die nastrewing van die apartheidsideale honderde duisende mense te ontwortel en binne die nuwe stelsel in te dwing nie. Teenstanders van die implementering van apartheid is eenvoudig die stilswye opgelê.

Een van die vroeë apartheidswetgewings wat die werksaamhede van die Berlynse Sending ten nouste geraak het, was die sogenaamde "Wet op Bantoe-onderwys" van 1953. Volgens hierdie wetgewing het die regering bepaal dat die beheer van Swart onderwys, wat in daardie stadium hoofsaaklik in die hande van die kerke en sending-

60. BMA: Afd. 4/1/14, band 6, Allgemeines Südafrika, Leue-Brennecke, 04-10-1949 en Leue-Brennecke, 13-12-1949; Kyk ook Elfriede Strassberger, *Ecumenism in South Africa 1936—1960* (Johannesburg, 1974), p. 152.

BMA: Afd. 4/1/14, band 6, Allgemeines Südafrika, Entwurf eines Komiteewortes an alle Südafrikamissionare zur Frage der Apartheid (Nicht zur Veröffentlichung), 1950.

BMA: Afd. 4/1/14, band 6, Allgemeines Südafrika, G. Brennecke, Vor den Toren Südafrikas, 25-03-1950.

genootskappe was, voortaan uitsluitlik onder staatsgesag geplaas sou word. Die implikasies was maar al te duidelik: die regering wou die verdere inmenging van geestelikes in die opvoeding van die Swartes stuit. Voorts wou die regering die Swartes in ooreenstemming met die apartheidsbeginsels opvoed. Kortom, onder leiding van Eiselen wou die owerheid die gedagtes van die Duitse sendingdenkers, Gutmann en Knak, op al die Swartes van Suid-Afrika toepas. Die idees wat Nauhaus reeds in 1895 geopper het, en later deur mense soos Kuschke en G. Eiselen beaam is, het regeringspraktyk geword. Verwoerd het al die ideale van die Berlynse Sending bondig saamgevat toe hy die doelstelling van Swart onderwys soos volg geformuleer het: "Deur eenvoudig blindweg leerlinge (Swartes) op Europese lees geskoei te produseer, is die ydele verwagting geskep dat hulle in weerwil van die landsbeleid, tog binne die Blanke gemeenskap poste sou kon vul."[63]

Die "Wet op Bantoe-onderwys" het groot reaksie onder die Engelse kerk- en sendinggenootskappe uitgelok. Hulle het Verwoerd se eensydige en onregverdige wetgewing wat die Swartes tot tweedeklas mense gereduseer het, skerp gekritiseer. Tog het die Berlynse Sending die wet in beginsel verwelkom, want hulle het immers oor dekades heen daarvoor gepleit dat die Swartes meer in ooreenstemming met hulle eie "Volkstum" opgevoed moes word.[64]

Dwarsdeur die tydperk van radikale apartheid het die Berlynse sendelinge nooit die optrede van die regering openlik gekritiseer nie. Selfs toe Verwoerd in 1957 gedreig het om apartheid ook na die kerklike terrein uit te brei, het die sendelinge steeds geswyg. Artikel 29(c) van Verwoerd se "Bantoe-Wysigingswet" (1957) het dit feitlik onmoontlik vir Swartes gemaak om kerkdienste binne die "Blanke gebiede" by te woon. Die eerste keer sedert die implementering van apartheid het dié beleid die taak en roeping van die kerk direk bedreig.

Hierdie wetgewing is in so 'n ernstige lig deur die kerke in Suid-Afrika beskou dat selfs die konserwatiewe Nederduitse Gereformeerde Kerk Verwoerd daarop gewys het dat hy nie die reg gehad het om in kerklike sake in te meng nie. Die Anglikaanse Kerk onder leiding van die aartsbiskop van Kaapstad, Geoffrey Clayton, die Baptiste-Kerk en die Christian Council het so geslaagd teen die voorgenome wysiging in die bestaande wetgewing geprotesteer dat Verwoerd verplig was om 'n nederlaag te erken. Hy het sy dreigement laat vaar en te midde van apartheid kon gelowiges van alle kleure voorlopig gemeenskaplik aanbid.[65]

Die komitee van die Berlynse Sending het wel agter geslote deure die "Bantoe-Wysigingswet" ten sterkste veroordeel, maar wou steeds geen openlike protes teen die wet aanteken nie. Sowel die komitee as die sendelinge het hulle vermoedelik agter die ou Lutherse opvatting skuil gehou, naamlik dat "Der Lutheraner steht den Einrichtungen dieser Welt grundsätzlich neutral gegenüber".[66] Dit wil voorkom asof Brennecke wou gehad het dat die sendelinge die leiding in die protes teen apartheid moes neem. Daarom het hy hulle daarop gewys dat hul ou argument dat hulle die gaste in 'n vreemde land was eenvoudig nie langer aanvaarbaar was nie.[67]

---

63. Departement van Naturellesake, *Bantoe-Onderwys* (Pretoria, 1954), p. 7.
64. Kyk A. Hastings, *A History of African Christianity 1950—1975* (London, 1979), pp. 103—104.
65. J.W. de Gruchy, *The Church Struggle in South Africa*, pp. 60—62.
66. Kyk Ernst Karberg, "Die Eingeborenengesetze General Hertzogs vom missionarischen Standpunkt aus erörtert" in *Neue Allgemeine Missionszeitschrift*, vol. 4, 1927, p. 341.
BMA: Afd. 4/1/14, band 9, Allgemeines Südafrika, Komitee-Leue, Brunke, Pakendorf, Krause, Zittau en Grosskopf, 15-04-1957.

## Slotbeskouing

Dit sou 'n valse indruk skep as sonder meer aanvaar word dat al die Berlynse sendelinge voorstanders van apartheid was. Inteendeel, die jonger geslag sendelinge wat ná die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika gekom het en nie 'n tradisie van gebondenheid met die land en sy mense gehad het nie, het by herhaling die komitee versoek om die apartheidsbeleid openlik te kritiseer en te veroordeel. Maar die ou geslag sendelinge was nog in beheer van sake en het gesorg dat daar van die kant van die sendelinge geen protes kom nie.[68]

Aan die begin van die sestigerjare het die Berlynse Sending aan sy sendingkerk onafhanklikheid gegee en het die sendinggenootskap se "sendingeeu" in Suid-Afrika ten einde geloop. Dwarsdeur hierdie lang tydperk het hulle nooit die landsbeleid bevraagteken nie, omdat dit in soveel opsigte met hul eie doelstellings ooreengestem het. Die komitee het wel in 1967 in sy hoedanigheid as raadgewer van die jong kerke apartheid veroordeel, maar toe is die protes teen apartheid eerder deur die Swart lidmate as die Blanke sendelinge gelei.

Helmut Lehmann[69] beweer dat die sendelinge aanvanklik die apartheidsbeleid goedgesind was omdat hulle geglo het dat Eiselen, vir wie hulle 'n baie groot bewondering gehad het, dit opreg met die Swartes bedoel het. Eers heelwat later, toe die sendelinge "ontdek" het dat die regering van Eiselen se oogmerke "iets anders gemaak het", was hulle bereid om apartheid te veroordeel. Hierdie siening is, om die minste te sê, uiters apologeties en strook nie met die realiteite van die ontplooiing van apartheid nie. Dit wil eerder voorkom asof die sendelinge traag was om te erken dat die sendingbeleid wat hulle oor soveel dekades gevolg het, verkeerd was. Dit mag ook net wees dat die sendelinge, soos só baie ander Blankes, hulle deur die koue rasionele en kwasiakademiese logika van Verwoerd, gerugsteun deur Eiselen, laat meesleur het.

---

68. Kyk BMA: Afd. 3/5/16, band 4, Stationsakten/Tagebücher Georgenholtz, Jahresbericht, 1960.
69. H. Lehmann, *150 Jahre Berliner Mission* (Erlangen, 1974), p. 170.